



COMMUNIQUÉ AAN SUT-GEMEENSAP

OPVOLGSKRYWE: MAATREËLS INGESTEL MET BETREKKING TOT DIE 21-DAE SLUITING

26 MAART 2020

2020 #8

Geagte SUT-gemeenskap

My kommuniqué van 19 Maart 2020, het betrekking. Soos u weet, het President Cyril Ramaphosa 'n 21-dae sluiting ("lockdown") afgekondig ter bevegting van die verspreiding van COVID-19 (die Koronavirus).

Die vorige kommuniqué waarin aangedui is dat alle naskoolse instellings op 15 April 2020, na die Paasnaweek, sal heropen, is teruggetrek. In lyn met Universiteite Suid-Afrika (USAf) se besluit dat ons Maandag, 20 April 2020 as 'n beplanningshorison gebruik, sal die universiteit heropen op 20 April 2020, en alle akademiese aktiwiteite en lesings sal dan hervat word. Studente sal toegelaat word om toegang tot die koshuise te verkry vanaf 18 April 2020. Indien hierdie datums sou verander, sal u onmiddellik in kennis gestel word. Afhangende van die omstandighede, sal akademiese aktiwiteite aanlyn of van aangesig tot aangesig geskied.

Bestuur het noodsaaklike dienste identifiseer wat gedurende die sluitingstydperk vereis word. SUT se noodsaaklike dienste sluit Inligtingskommunikasietegnologie (ICT), Kommunikasie en Bemarking, Finansies, Betaalstelsel, Gesondheids- en Mediese Navorsingsentrums, kritiese instandhouding, insluitende vullis- en afvalverwydering, en Beskermingsdienste in. Betrokke personeellede is voorsien van die Noodsaaklike Dienstepermit ingevolge Regulasie 11B(3), en persoonlike beskermende toerusting verwant aan die epidemie is aan hulle uitgereik.

Verder is tien (10) plaaslike diensverskaffers aangestel om geboue op beide die Bloemfontein- en Welkomkampusse skoon te maak en te desinfekteer. Dit is gedoen as 'n belangrike voorkomingsmaatreël ten einde te versker dat ons personeel en student toegang sal hê to skoon, higiëniese fasiliteite, en as 'n poging om gehoor te gee aan die nasionale oproep om die verspreidingskurwe van die Koronavirus af te plat.

Die volgende maatreëls sal gedurende die sluitingstydperk geld:

- ❖ Aanlynaktiwiteite vir alle studente is gestaak vanaf 27 Maart 2020 tot 17 April 2020.
- ❖ In ooreenstemming met die nasionale sluiting, mag studente en personeel nie die kampus betree nie. Toegang tot SUT-kampusse is beperk tot personeel in besit van 'n geldige Noosaaklike Dienstepermit, onderteken deur die Visekanselier en Rektor. Permithouers moet te alle tye hierdie permit, asook 'n amptelike vorm van identifikasie (ID-dokument of bestuurderslisensie) in hulle besit hê.
- ❖ Menslike Hulpbronne sal spesiale verlof toestaan vir alle personeel gedurende die sluitingstydperk. Personeel moet asseblief gedurende die sluitingstydperk voortgaan met hul voorbereidings vir aanlynaanbiedings, ten einde ons gereedheid daarvoor te verbeter.

- ❖ Daar word voorsien dat die Julievakansie deur die nasionale sluiting geraak sal word, wat beteken dat die akademiese program sal strek tot in Desember 2020. Studente en personeel moet vervolgens vroegtydig alternatiewe verlof- en vakansiereëlings tref. Die Registrateur sal op 'n latere tydstip verdere besonderhede aan studente verskaf. Formele gesprekvoering met georganiseerde vakbonde sal plaasvind ten einde hersiene werkreëlins en verwante aangeleenthede te bespreek, en oplossings hiervoor te vind.

Die SUT-gemeenskap salueer die regering vir die maatreëls wat ingestel is om die verspreiding van die Koronavirus te beperk. Ons, as 'n gemeenskap, is daartoe verbind om in solidariteit en eenheid saam te werk ten einde die verspreidingskurwe van die COVID-19 af te plat. Soos ander universiteite, werk SUT nou saam met plaaslike, provinsiale en nasionale regering, asook met ander maatskaplike en siviele organisasies ten einde maniere te vind om ten beste met die pandemie om te gaan. Ons Sentrum vir Snelprototipering en -vervaardiging (*Centre for Rapid Prototyping and Manufacturing*) (CRPM), die Produktontwikkeling-tegnologiestasie (*Product Development Technology Station*) (PDTS), en die Sentrum vir Kwaliteitgesondheid en -lewe (*Centre on Quality of Health and Living*) (CQHL) by SUT is tans betrokke by verskillende COVID-verwante uitdagings.

Gegewe die dinamiese aard van die COVID-19 situasie, sal gereelde kommunikasie-opdaterings verskaf word. Voortgesette verbetering van die universiteit se besigheidskontinuïteitsbeplanning is 'n integrale deel van die ontwikkeling van nuwe strategieë om die risiko's verbonde aan die suksesvolle voltooiing van die 2020 akademiese jaar, te minimaliseer. SUT is dus in ooreenstemming met die Department van Hoër Onderwys en Opleiding en USAf se siening dat die 2020 akademiese jaar voltooi moet word.

Ons moedig alle personeel en studente aan om sosiale distansiëring en die nodige voorkomingsmaatreëls toe te pas ten einde die verspreiding van die Koronavirus te beperk. Besoek asseblief ook die SUT Inligtingsblad rakende die Koronavirus by: <https://www.cut.ac.za/coronavirus>. Vergewis uself asseblief ook van die Wysiging op Regulasies uitgereik kragtens artikel 27 (2), hierby aangeheg as **Bylae A**.

Ons is bewus daarvan dat die sluiting weens die Koronavirus onnodige stres en frustrasie mag veroorsaak. Ons bly egter vasberade dat al die maatreëls wat ingestel is om die COVID-19 risiko te verminder, 'n positiewe uitwerking sal hê. Aangesien die welstand van ons personeel en studente ons hoogste prioriteit is, herinner ons u aan die beskikbaarheid van CareWays se dienste. U kan hulle kontak by tolvrynommer 0800 0004 007.

Mag julle almal geseënd wees! May you all be blessed! E se e ka Ramasedi a ka le hlohonolofatsa!

Prof. Henk de Jager

Visekanselier en Rektor